Geliefde Lourensrivierder

Ek wil vir oulaas ‘n gedig met jou deel wat besonder baie sê en my geweldig inspireer. Jammer dit is in engels, maar die woorde is ‘n hartstaal wat oor taalgrense strek...

I carry a cross in my pocket,
A simple reminder to me
That I am a Christian,
No matter where I may be.

This little cross isn’t magic,
Nor is it a good luck charm.
It isn’t meant to protect me
From every physical harm.

It’s not for identification
For all the world to see.
It’s simply an understanding
Between my Savior and me.

When I put my hand in my pocket
To bring out a coin or a key,
The cross is there to remind me

Of the price He paid for me.
It reminds me too, to be thankful
For my blessings every day,
And to strive to serve Him better
In all that I do or say.

It’s also a daily reminder
Of the peace and comfort I share
With all who know my Master
And give themselves to His care.

So, I carry a cross in my pocket
Reminding none but me
That Jesus Christ is Lord of my life,
If only I’ll let Him be.

by Vera Mae Thomas

Vandag is my laaste Nuuskrummel aan jou. Van Maandag 1 Desember het julle ‘n splinternuwe Kerksekretaresse♫ Haar naam is Riata Nel en ons wil haar welkom heet in die Lourensrivier Familie wat weet hoe om ons leuse Oorgee, Omgee, Aangee, daagliks uit te leef.

Baie dankie vir al jul liefde, kantoorbesoekies, omgee en drukkies gedurende die afgelope 10 jaar, ons sal mekaar beslis nog daarbuite “in die gange” raakloop.❤️

NUUSKRUMMELS: 28 NOVEMBER 2019

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:

DINAMIET KIEDZ AFSKEID

Liewe Ouers, ons nooi julle graag uit om Sondag, 1 Desember @ 09h00 saam met ons te kom kuier (area agter kerk) vir ons jaarlikse afskeid. Ons beplan 'n wonderlike diens, piekniek daarna en hope pret. Kom word weer kind saam met ons (jul) kiedz. Bring ou / droë klere saam en baie sonblok.
Sien uit daarna ons saam te kuier.
Diensbaar vir Jesus.
Karin Kuys (083 643 0653) - Dinamiet Kiedz & Belofteland.

Ek plaas weer Fokustekste vir Desember en eerste week in Januarie 2020, want daar het ‘n spoeg en plak foutjie ingesluip verlede Donderdag😊

ADVENT SEISOEN: Fokusteks & Datum plus Alternatiewe tekste		
1ste Sondag in Advent (Jes. 2:1-5; Mat. 24: 36-44; Ps. 122)	01 Des. ’19	Rom. 13:11-14
2de Sondag in Advent (Jes. 11:1-10; Ps. 72:1-19; Mat. 3:1-12)	08 Des. ‘19	Rom. 15:4-13
3de Sondag in Advent (Jes. 35:1-10; Ps. 146:5-10; Mat. 11:2-11; Luk. 1:46-55)	15 Des. ‘19	Jak. 5:7-10
4de Sondag in Advent (Jes. 7:10-16; Ps. 80:1-19; Mat. 1:18-25)	22 Des. ‘19	Rom. 1:1-7
Kersfeesdag Feesdiens (Jes. 52:7-10; Ps. 98; Hebr. 1:1-12; Joh. 1:1-14)	25 Des. ‘19	Lukas 2:1-20
1ste Sondag na Kersfees (Ps. 148; Hebr. 2:10-18; Mat. 2:13-23)	29 Des. ‘19	Jes. 63:7-9
2de Sondag na Kersfees: Epifanie Sondag (Ps 72:1-14; Ef. 3:1-12; Mat 2:1-12)	05 Jan. ‘20	Jes. 60:1-6

VERSOEK:

Op soek na ‘n tweedehandse rolstoel vir my ma in Huis Jan Swart. Indien daar iemand is kan hulle vir Henriette by Huis Jan Swart kontak (021 854 3763).

Baie dankie, Debbie Van Dalen (0836382390)

2020 JAARKALENDERS NOU BESKIKBAAR BY KERKDEURE EN KANTOOR (021 853 5911)

Baie dankie vir al die Adverteerders in ons kalender wat die kleurdruk daarvan moontlik gemaak het. Baie dankie ook aan Renette Oosthuizen wat haar kosbare tyd opgeoffer het met die uitleg en saamstel daarvan.

Constant HEALTH
constant@varley.co.za
072 224 3267
www.facebook.com/ConstantHealth/

Flamēros CHICKEN GRILL
021 854 7774

Sanlam is 'n Gelisensieerde Verskaffer van Finansiële Dienste.
Sanlam
Jou finansiële toekoms is ons erns
Besigheidsbeplanning
Boedelbeplanning
Beleggingsadvies
Persoonlike dekking
Voorsiening vir aftrede
Inkomstebeskerming
Arcani BlouSter Finansiële Adviesdienste: Van Ryneveldstraat 18, Strand.
Willie Fourie
Senior Finansiële Beplanner
021 853 2179 | 082 468 1099
admin@arcani.co.za

HBP
HELDERBERG BUILD & PAINT
STUART JACKSON
082 872 6830 info@hbpconstruction.co.za
www.hbpconstruction.co.za

y dentist
keep smiling
DR. MARIUS PEEK
B.Ch.D. (stell)
066 599 1032 071 300 5632
Shop 4 • Goedehoop centre • Broadway • Strand • 7140

sasol
reaching new frontiers
Willie Strydom
Trustee & Franchisee
Sasol Somerset West Trust
c/o Boadway & Kynoch, Somerset West
PO Box 1520, Strand, 7139, South Africa
Tel: +27(0)21 852 3828
Fax: +27(0)21 852 3819
Cell: +27(0)79 878 3155
willie.strydom@absamail.co.za

FTH ACCOUNTANTS
The name you can ACCOUNT on
Floris Ter Haar
Professional Accountant (SA)
SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF PROFESSIONAL ACCOUNTANTS
YOUR WEALTH
Tel: 021 853 4266
Cell: 082 741 7076
Fax: 088 021 854 5741
E-mail: floris@fthacc.co.za
20 Conradie Street
Strand, 7140
Skype: fterhaar

Dr Wimpie Basson
B. Ch. D. (Stell) • Pr. No. 5439752
Helderberg Dentists
T 021 853 7201 F 021 854 4347 C 083 629 1672
E drbasson@iafrica.com www.helderbergdentists.co.za
Hoofweg 115 Main Road, Strand
PO Box 422, Strand 7139

BERG 80 VERJ: DESEMBER 2019

LET WEL: Ouderdom op lys is huidige ouderdom tensy verjaarsdag al verby is.

JES. 46:4 "Ook tot in julle ouderdom is Ek die Here, tot in julle grysheid sal Ek julle dra. Ek het julle gemaak en Ek sal julle vashou, julle dra en julle red.

Baie geluk & vele seën

Rassie	Erasmus	84	12/04
Roelf	Le Roux	88	12/05
Andre	Jooste	89	12/07
Emmie	Pienaar	83	12/08
Lorna	Strauss	83	12/08
Bobbie	Dippenaar	89	12/10
Martin	Van Heerden	81	12/11
Esteen	Terblanche	79	12/13
Louis	Minnie	83	12/18
Noreen	Le Roux	90	12/19
David	Roux	84	12/19
Dillie	Van Deventer	84	12/23
Christina	Van Den Heever	85	12/30

KNIEWERK:

- Ons innige meegevoel met Nelda Cilliers en familie met die heengaan van haar man, Kobus. Kobus was vir jare betrokke by die Moslembediening in die Helderbergkom.
- Petrie se ma steeds in hospitaal
- Vollie Volschenk vir gesondheid
- Ons innige meegevoel met Annamarie Smith en familie met die heengaan van haar man, Albert.

CILLIERS

Jacobus Lodewicus

(Kobus)

01/01/1955 – 21/11/2019

Na 'n kort siekbed, genadiglik verlos van pyn.

Jy sal met mooi en liefdevolle herinneringe

onthou word vir jou vriendelikheid, hulpvaardigheid

en liefde vir die Sending.

Ons sal jou baie mis, maar gun jou die rus.

Nelda, Henrique, Jacques, Elisca

en almal met wie jou lewenspad gekruis het ...

Gedenkdiens: NGK Strand-Noord

Saterdag 30 November 2019

om 11:00

NUWE KERKSEISOEN: ADVENT

Advent is die begin van die siklus van die Westerse kerkjaar en volg direk na Koninkrykstyd. Die seisoen van Advent begin vier Sondae voor Kersfees en dien ook as opbou tot hierdie feesdag. Die klem is op afwagting en voorbereiding – nie net vir die koms van Jesus as mens wat gevier word met Kersdag nie, maar ook vir Jesus se wederkoms.

Daar is ook baie gebruike wat verband hou met hierdie seisoen, soos die populêre gebruik van 'n "Adventskalender" waarmee die dae tot Kersdag afgetel word. 'n Ander gebruik om die seisoen en spesifiek die Sondae saam te bind, is die Adventskrans in die liturgiese ruimte. Dié krans bestaan uit 'n ronde vorm van immergroen blare waarin vier kerse geplaas word: drie koningsblou kerse en een rooskleurige kers. Die sirkel verwys na die ewige lewe terwyl die immergroen blare verwys na hoop – een van die groot temas van Advent. Daar word ook soms 'n wit kers in die middel geplaas wat op Oukersaand of Kersdag aangesteek word. Die kerse word tradisioneel in die volgende volgorde in die krans geplaas en aangesteek met name vir elke kers/Sondag:

- Eerste Sondag in Advent: "Hoop" – koningsblou kers
- Tweede Sondag in Advent: "Vrede" – koningsblou kers
- Derde Sondag in Advent: "Vreugde" – rooskleurige kers
- Vierde Sondag in Advent: "Liefde" – koningsblou kers
- Oukersaand/Kersdag: wit, Christus-kers



FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK DEEL VAN BOODSKAP, SONDAG 1 DES.: ROM. 13:11-14 (1STE WEEK IN ADVENT)

Die eerste week in Advent se tema is tradisioneel "hoop". Die sleutelteks fokus ons aandag op Christus se wederkoms en om gereed te leef daarvoor – met ander woorde, in die lig en nie in die duister nie. God laat soms in ons lewens 'n wekker afgaan. Die Here sê dis nou tyd om wakker te word: "Staan op en volg My." Baie mens druk dan op die sluimerknoppie en sê dis nie nou geleë nie, die Here moet so bietjie later weer roep. Baie mense gebruik die sluimerknoppie soveel keer hulle hoor nie eers meer die Here se stem nie. Een oggend skrik hulle uiteindelik wakker en besef dis te laat. Hulle het God se roeping heeltemal verpas. In ons teks gaan so 'n Goddelike wekker af: Die uur is reeds daar dat julle uit die slaap moet wakker word, want die tyd van ons finale verlossing is nou nader as toe ons tot geloof gekom het (11). En: Die nag is byna verby; dit is amper dag. Laat ons dan ophou met die werke van die duisternis; laat ons die wapens van die lig opneem. Ons moet welvoeglik lewe soos dit in die daglig hoort (12v). Dis tyd vir wakker word en opstaan! Aangesien die koms van Christus so naby is, word gelowiges opgeroep om vanuit die slaap wakker te word. Slaap gaan in ons teks gepaard met donker en duisternis. Daarom word hier met slaap 'n lewe bedoel wat met die sondeduisternis van die wêreld gepaard gaan. Vanuit hierdie sonde, donker en duisternis, moet gelowiges opstaan en in liefde wandel, elke oomblik bereid om Christus te ontmoet. Immers, die verlossing is nóú nader aan hulle as toe hulle gelowig geword het. Elke dag kom die tyd van Christus se wederkoms nader. Ons fokus op Jesus se koms na die aarde. Hy is die Messias, die Here en Verlosser van die wêreld; Jesus kom om 'n verlore en lydende mensdom te dien, en vir Hom 'n kerk te versamel wat sy werk op aarde voortsit; en ons verkondig die belofte van die heil en heerlikheid wat Hy berei vir die mens, die natuur en die geskiedenis, wat uiteindelik met sy wederkoms in volle vervulling sal gaan. Hierdie wonderlike gawe van God aan die mens, die Here Jesus, beteken dat die lig in ons wêreld begin skyn. Dit breek die duisternis..... dit gee HOOP!

Jackie@Lourensrivier

OORGEE, OMGEE, AANGEE